

Sing vooraf staande: Psalm 18:5 (p. 73)

- 5 Die hemel het ontsag betuig / en by Gods neervaart neergebuig;
en donkerheid van watervloed, / 'n onweersnag was om sy voet.
'n Gêrub was sy oorlogswa. / Hy het gevlieg en aangesweef
– terwyl dit om Hom skud en beef – / op vleuel van die wind gedra.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 19:3 (p. 83)

- 3 Hy 't in die wonderbou / van eewge hemelblou / die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom / met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld / van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor / wat blink van gloed en glanse.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet antwoord ons met Psalm 33:3 (p. 158)

Wet

Psalm 33:3 (p. 158)

- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Skriflesing: 1 Petrus 3

Teks: 1 Petrus 3:21, 22

**... deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die
hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en
kragte aan Hom onderwerp is. (1 Petrus 3:21, 22 AFR53)**

Dis die grootste oomblik in die hele geskiedenis – hierdie oomblik toe Jesus Christus uit die dood opgestaan het.

- In die hemel was daar die grootste gejuig en almal in die hemel het hulle voor Christus neergebuig.
- In die hel was daar krisis – want die opstanding van Christus was vir hulle die begin van die smarte. Dit was die beslissing dat hulle nooit die pyniging sou kon ontvlug nie.

Die tema van hierdie hoofstuk is dat Petrus skryf dat ons 'n vaste vertrouwe op die Here moet hê.

- Die hoop in Christus staan onwrikbaar vas.
- En die regterhand van God die Vader regeer oor alles.

Petrus preek aan ons die praktyk van die lewe.

- Ons moet nie dink dat ons geen stryd gaan hê omdat ons verlos is nie.
- Ons moet ook nie dink dat die verdienste van Jesus Christus gaan maak dat ons minder smarte in ons lewe sal hê nie.

Inteendeel, ons sal dit straf hê in die lewe, maar ons moet deurentyd besef dat ons 'n verantwoordelikheid het teenoor God. Ons moet met die grootste verantwoordelikheid lewe.

Van vers 13 tot vers 17 praat Petrus van die gelowiges en hulle roeping.

- Hulle is in hulle stryd soos wat Jesus Christus was in sy vernedering.
- Maar hulle moet ook onthou dat Christus se vernedering so geweldig was dat Hy moes sterf.

Die kontras van die vernedering was toe die geweldige heerlikheid waarmee die Here Jesus opgestaan het:

- Hy het uit die dood verhuis na die regterhand van God die Vader.
- Dit moet nou dien tot ons versterking.

Die Here Jesus Christus het nie net gely in vernedering nie. Hy het ook nie net smaad gely nie.

- Hy is eindelijk verhoog tot die hoogte waar Hy aan die regterhand van die Vader plaasgeneem het.
- Dit moet ons sterk in ons stryd. Ons moet nie gaan lê nie.
 - Ons moet aanhou stry teen alles wat verkeerd is, want ons sal uiteindelik deur die Here Jesus Christus in die hemel vergader word.
 - Sy opstanding is die waarborg. Dis die genadekant van hierdie teks.

Die oordeelkant van hierdie saak is dat God van jou rekenskap eis van jou manier waarop jy jou lyde dra. Wanneer die kwaad en lyding op ons toesak, moet ons bly antwoord met die goeie. Vers 14:

Maar as julle ook moet ly ter wille van die saligheid, salig is julle.

(1 Petrus:14 AFR53)

Al sou die satan jou die lewe ontnem duskant die graf – as dit hom toegelaat sou word – dan kan dit jou nog nie wesentliche skade berokken nie, want dit ontnem jou nie die ewige lewe by God nie. Die opstanding van die Here Jesus Christus bewys dit vir jou.

Juis deur die feit dat die Here Jesus Christus ter wille van ons saligheid moes ly totdat Hy op die aarde gesterf het, het die heil bewerk vir die wat Hom liefhet en dien.

- Nie net deur die feit dat die Here Jesus gesterf het nie, maar veral deur die feit dat die Hy opgestaan het uit die dood.
- Sonder die opstanding sou die kruisdood sy betekenis verloor het. Daarom skryf Paulus in Romeine 8:28 dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Daar kan dus geen wesentliche skade aan jou berokken word nie, solank jy net met die regte verantwoordelikheid jou lewe en lyde hanteer.

- Jy moet dus waarlik doen wat God jou gebied.
- Jy moet onvoorwaardelik doen wat God behaag.

Dan deel jy in die opstanding van Christus.

Vers 15 verskerp die verantwoordelikheid.

- Jy moet nie net die goeie doen in jou lewe en sy stryd nie.
- Dit moet baie meer wees as om net die goeie te doen – jy moet jou **beywer** vir die goeie.
- Daar moet inspanning wees en erns om die goeie na te jaag – jy moet met 'n ingespanne ywer soek daarna om dinge uit te voer soos wat God se gebooe dit vereis.

Dit gaan om die doen van God se gebooe. Dit sluit alle dinge in, soos:

- Die stryd teen menslike onregverdigheid – waarvan ons onder geen omstandighede deel mag wees nie.
- Dit gaan oor geloof, en oor die verkondiging van die evangelie van die Here Jesus Christus – sy dood en opstanding.

Maar dan moet my lewe 'n praktiese uitlewing wees daarvan dat ek die sonde weier. Dan eers is iemand salig, soos God dit hier stel.

Nou is dit vanselfsprekend nie maklik om so eervol voor die Here te lewe nie.

- Die satan kan ons nie met rus laat as ons met soveel heiligheid voortleef nie.
- Hoe beter jy sal wil lewe, hoe meer bitterheid gaan jy beleef, want die duiwel sal daarvoor sorg! Hy kan ons vreugde in die Here nie verdra nie!
- Maar ons het nie rede om te kla nie, want God gee ons die genade en die eer om vir Hom en sy saak te mag ly.

Die dinge staan nie net hier in 1 Petrus geskryf nie, maar ook in Filippense 1:29:

... omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly, ... (Filippense 1:29 AFR53)

Dit is egter nie sommer net lyding nie, want Petrus skryf:

Heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen ... (1 Petrus 3:15a AFR53)

Dit gaan oor meer as net die lyding wat oor ons kom. In ons hele lewe moet ons die Here Jesus Christus in sy grootheid en heerlikheid erken.

- Laat daar 'n lewende bewustheid wees dat ons nie in die opstanding van Christus gaan deel as ons die genade van God in Christus misken of ons verantwoordelikheid versaak nie!

Ons moet hierby onthou dat dit in die tyd toe Petrus geleef het, die gebruik was dat 'n heer enige tyd sy slaaf kon roep en van hom verantwoording kon eis van sy optrede.

- So kon 'n man sy vrou of sy kinders ook oor geloofsake tot verantwoording roep sodat hulle onmiddellik moes rekenskap gee.
- Petrus skets dus hier die verhouding tussen die Here en ons: Net soos die huisheer kan die Here ons ook tot verantwoording en rekenskap in die geloof en hantering van ons lewe roep.

Dan preek Petrus genade en oordeel soos ons dit uit die geskiedenis ken.

- Daar was geweldige goddeloosheid in die tyd van Noag. En in daardie tyd het die Here Noag gestuur sodat hy aan hulle die oordeel van God sou preek as hulle hulle nie bekeer nie.
- Noag het ook aan hulle gaan preek dat hulle goddeloos is en dat die Here vir hulle honderd-en-twintig jaar tyd gee om hulle te bekeer, anders gaan Hy hulle verdelg.
- Die mense het gespot en in ongeloof verder gelewe. By die mense was daar geen stukkie bekering nie!

Noag en sy gesin het op die bepaalde tyd in die ark ingegaan, en God het die deur gesluit.

- Die oordeel van die Here het waar geword, want die reën het begin en almal het verdrink.
- Net Noag en sy gesin het oorlewe.

Dis die genade uit Noag se geskiedenis:

- Noag moes ly en spot verduur ter wille van die Woord en bevel van God.
- Uit die menslike oogpunt gesien is hy onregverdig behandel deur die sondaars.
- Maar toe die oordeel losbreek, is hy deur God beskerm en lewend gehou.

Dit is die punt wat Petrus hier maak in vers 17 as hy skryf dat dit beter is om te ly as die wil van God dit eis.

- God se wil was dat Noag al die smaad moes verduur sodat hy uiteindelik verlos kon word omdat hy ondanks die spot van die mense gebly het by wat God van hom eis.
- Daarom het sy lyding gedien tot sy bekering en sy verlossing – deur die smaad is hy gelei tot die heerlikheid van God.

Maar van vers 18 af, verander die genade in oordeel.

- Petrus begin nou vertel dat Christus ook eenmaal vir die sondes gely het – die Regverdige vir die onregverdige.
- Hy is uiteindelik doodgemaak na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees.

Dit is die opstanding waarvan hier gepraat word.

- Petrus skryf in die volgende verse hoe verskriklik die opstanding van die Here Jesus Christus was vir die mense in die hel.
- Die Here Jesus Christus het deur die Gees opgestaan en heengegaan en gepreek vir die geeste in die gevangenis.

Let wel:

As ons nou hierdie vers net so lees, sonder om dit in verband te plaas met al die verse daarvoor en daarna, dan lyk dit asof Jesus na die hel toe gegaan het en daar vir die geeste gaan preek het. Die Roomse kerk verklaar dit ook so. Dit is ook op hierdie teks waarop hulle hulle beroep as hulle sê dat daar 'n bekering na die dood moontlik is.

Maar dit is nie so nie, want as die Here Jesus Christus na die hel toe gegaan het, was Hy liggaamlik daar? Met sy gees kon Hy nie daar wees nie, want aan die kruis het Hy uitgeroep: **Vader in U hande gee Ek my Gees oor!**

Dit bring ernstige vrae na vore:

- Wanneer was die Here Jesus daar in die hel, want dit staan hier in die Bybel baie duidelik dat dit was terwyl Hy uit die dood opgestaan het?
- Hoe lank was Hy daar?
- En die belangrikste vraag is: Watter doel sou dit hê dat Jesus na die hel toe gegaan het, want Hy het juis nie die mense in die hel gaan verlos nie?!
- Wat sou dit dan help om vir hulle te preek en wat sou Jesus vir hulle gesê het?

Kom ons beantwoord al die vrae uit die Bybel uit.

- Die Here Jesus was nie net mens nie, Hy was ook God en na sy Godheid was dit beslis nie nodig om liggaamlik na die hel toe te gaan en mense wat in sy Naam gesterf het daar te gaan haal nie.
- Hy is juis so magtig dat die wat in sy Naam sterf, by hulle dood dadelik in die hemel is. Hy vertel dit self in die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Lukas 16).
 - Toe Lasarus sterf, was hy dadelik in die hemel.
 - Die ryk man het by sy dood ook dadelik sy oë in die hel oopgemaak en gesien dat sy broers op die aarde nog goddeloos lewe.

Nou wat dan? Die preek wat gelewer is deur die Here Jesus Christus was die feit dat Hy opgestaan het. *Die opstanding self is die preek!*

- Almal in die hemel en in die hel het dit gesien. Dit was nie 'n preek met woorde nie.
- Die Here Jesus se opstanding was 'n plegtige bekendmaking aan alle magte en kragte dat Hy God is wat mag het oor die dood en die lewe.
- Dit was 'n proklamasie van sy triomf.

Dit was dan ook die element van oordeel vir die geeste in die gevangenis. Toe Jesus opgestaan het, het hulle dit gesien en hulle het dadelik besef dat daar tot in ewigheid geen genade sal wees nie.

Dan die volgende vraag: Hier staan dan duidelik dat Christus "heengegaan" het.

- Ons teksvers sê waarheen Hy gegaan het. Vers 22 sê baie duidelik dat die Here Jesus **heengegaan het na die hemel en sit aan die regterhand van God die Vader.**
- Daardie woorde verwys na die hemelvaart. Petrus sien die opstanding uit die dood en die hemelvaart as't ware as een handeling. Dis die preek wat gelewer is!

Nou sien u hoe dit inpas by die vorige verse wat sê dat ons ter wille van God se eise moet ly.

- Die Here Jesus Christus het gely en Hy het oorwin sodat ons beslis sal deel in sy genade – sy opstanding is die bewys.
- Hy het gesterf en opgestaan sodat die wat ongelowig en onverantwoordelik is, beslis in die hel gewerp gaan word – en sy opstanding is weer die bewys.
- Daar is nie 'n plek of 'n houding tussen die hemel en die hel nie. Jy is of in die een of in die ander een.
- Ons glo in die Here Jesus en daarmee saam ly ons en dra die smaad ter wille van die Here en ons word verlos.

Saamgevat:

Óf jy is ongelowig en/óf onverantwoordelik en jy gaan hel toe. Geen ander keuse nie.

Die voorbeeld van Noag word vir twee redes gebruik:

- Die eerste is omdat die Bybel openbaar dat die tydgenote van Noag die mees goddelose mense tot op datum was.
 - Hulle het deur die opstanding die bewys gekry dat hulle nooit uit die hel sal uitkom nie omdat hulle nie wou luister toe Noag gepreek het nie.
- Die tweede rede is omdat Petrus in vers 21 sê dat die sondvloed reeds 'n profesie was wat heengewys het na die doop.

Met die sondvloed is die wêreld aan die een kant skoongemaak deur die water, want al die ongelowiges het verdrink.

- Die water is die simbool van die dood van die Here Jesus Christus.
 - Maar aan die ander kant is Noag en sy medegelowiges juis deur die water gered tot die lewe.
 - Petrus sê baie uitdruklik aan die einde van die vers dat dit nie net deur die dood van Christus was nie, maar juis ook deur sy opstanding.

Ons sien die Drie-Eenheid van God baie duidelik werk in hierdie saak.

- Die Vader het die verlossing beplan. Hy beveel ook dat Noag moet preek sodat die mense hulle moet bekeer.
- Die Here Jesus Christus sterf en Hy staan op uit die dood sodat die wat geluister het na die prediking en smaad verduur het, sonder om die geloof of gehoorsaamheid prys te gee, by God versamel word.
 - Maar hierdie selfde Here Jesus Christus het ook met sy opstanding gepreek dat daar geen verlossing moontlik is vir die wat onverantwoordelik is nie.
- Die Heilige Gees het hierdie feite laat neerskryf. Hy laat hierdie dinge tot ons spreek.
- Die Heilige Gees laat ons ons nou aan ons sondes ontdek en lei ons dan tot bekering en geloof in hierdie verlossing. So word ons gered.

Is baie van die mense van ons tyd nie dalk besig om so te lewe dat hulle soos die geeste in die gevangenis die opstanding van die Here Jesus Christus het tot 'n besliste verdoemenis nie?

Ons moet nugter wees. Ons is mense wat van beter weet.

- Ons het die evangelie van verlossing in die Here Jesus.
- Ons het die sakramente waarna hier verwys word. God spreek ons twee keer toe op elke sabbat.

Wat maak ons? Luister ons? Doen ons wat reg is al kry ons swaar? Gee ons aan God alles wat Hom toekom of weeg die wêreld en gemak swaarder? Bid ons gereeld? Lees ons gereeld ons Bybel? Leer ons ons kinders die Woord van God?

Luister nou wat sê God. Die opstanding preek genade vir die wat verantwoordelik is. Maar dit preek in 'n gelyke mate verdoemenis tot in ewigheid vir die wat nie wil luister nie.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 68:9 (p. 334)

9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 18 November 2012